Publication: Vaalweekblad - Sport
Title: NWU Vaal rugby vereer bestes
AVE: 9060.48
Page: 15
Publish Date: 10 November 2023
Author: Ettienne van Rensburg

Die spelers wat die top toekennings ontvang het, is voor van links: Melbirt van der Spuy (o.21 Waardevolste Speler), Cam de Kock (Rugby Instituut Speler van die Jaar en Tweedespan Speler van die Jaar), Amu Baloyi (o.21 Voorspeler van die Jaar), Ruan Oosthuizen (1ste span Agterspeler van die Jaar en Spelers se Speler van die Jaar) en Tjaart Scheepers (o.21 Speler van die Jaar, Top Driedrukker van die Jaar en Top Puntemaker van die Jaar en USSA Voorspeler van die Jaar).

NWU Vaal rugby vereer bestes

Ettienne van Rensburg

VANDERBIJLPARK. - Harde werk word altyd beloon. Daarvan kan Dylan Smit getuig.

Hy is verlede Vrydagaand welverdiend tydens die NWU Vaal Rugbyklub se prysuitdelingfunksie as die Klub se Speler van die Jaar gekroon. Hy is ook as die Klub Sewes Speler van die Jaar aangewys.

Benewens al die individuele prestasies het klub ook vir die tweede jaar opeenvolgend sy afdeling in die USSA-kompetisie gewen en boonop die eerste universiteitespan geword om aan die Gold Cup deel te neem. Die studente het die afgelope vyf jaar onder leiding van Dewald Pieters, hoofafrigter van NWU Vaal en sy bekwame afrigtingspan van krag tot krag gegaan en wil aanstaande jaar daarop voortbou.

Dylan Smit is as NWU Vaal se Klubspeler van die Jaar en Sewesspeler van die Jaar aangewys. By hom is Shaun Meijer, voorsitter van die NWU Vaal Rugbyklub.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.